Harties NG
Kuier-en-Kersmark
Vrydag 28 Oktober -
Saterdag 5 November 2022

INLIGTING / INFORMATION

Kuier-en-Kersmark
28 Okt - 5 Nov 2022

Kontakpersoon/Contact Person:

Angie van Tonder
012 253 1991 x 100 (8:30 - 12:00)
079 653 3357 (8:30 - 12:00)

E-posadres vir alle navrae en korrespondensie:
Email address for all queries and correspondence:

kersmark@hartiesng.org

Gebruik asseblief u KK-nommer as verwysing met alle korrespondensie.
Please use your KK number as a reference with all correspondence.

'n Ietsie oor ons mark:

1. Ons mark is 'n eksklusiewe, intieme en gesellige kuiermark met spesiale, gekeurde uitstallers.
2. Ons stal slegs kwaliteit, handgemaakte of unieke produkte uit.
3. Ons kenmerk is die gesellige atmosfeer wat deur ons uitgesoekte uitstallers se produkte, pragtige dekor, 'n teetuin met die heerlikste soet-en soutgeregte, daaglikse gesonde borde kos en ons wye verskeidenheid wegneemetes, geskep word.
4. Dit is 'n gemeentespanpoging met die klem op bedien, bederf en kuier, wat deur goeie organisasie, wonderlike samewerking en pragtige fasiliteite daargestel word.
5. Uitstekende bemarking word gedoen en ons is baie trots op die eindprodukt wat ons uiteindelik ons KUIER-EN-KERSMARK noem.

A little more about our market:

1. Our market is an exclusive, intimate and cosy event with special, selected exhibitors.
2. We only display quality, handmade or unique products.
3. Our main feature is the cosy atmosphere created by our selected exhibitors' products, beautiful décor, tea garden with the most delicious sweet and savoury dishes, daily healthy meals and our wide variety of take away foods.
4. It is a congregational team effort with the emphasis on serving, spoiling and socialising, which is brought about by good organization, wonderful collaboration and beautiful facilities.
5. Excellent marketing is done and we are very proud of the final product which culminates in our Kuier-en-Kersmark.

ALGEMENE INLIGTING / GENERAL INFORMATION:

Datum/Date: 28 Okt - 5 Nov 2022

Markadres:
NG Kerk Hartbeespoort,
Maraisstraat 30, Schoemansville.

Venue Address:
NG Church Hartbeespoort,
30 Marais Street, Schoemansville.

Markure:
Market Hours:

Maandag - Vrydag
Monday - Friday
10:00 - 19:00

Saterdae:
Saturdays:
09:00 - 15:00

Sondae/Sundays:
GESLUIT/CLOSED

Tabel A / Table A

Belangrike datums wat asseblief stiptelik nagekom moet word:

Important dates that must please be adhered to meticulously:

AKSIE/ACTION	*DAG/DAY*	*DATUM/DATE*	*TYD/TIME*
Registrasie	*Woensdag*	*22/06/2022*	*24:00*
Registration	*Wednesday*		
Keuring van produkte sleg deur foto's	*Vrydag*	*01/07/2022*	*08:00*
Screening of products by photographs only	*Friday*		
Uitslag van keuring	*Vrydag*	*08/07/2022*	*12:00*
Results of screening	*Friday*		
Uitstuur van voorraadlys	*Vrydag*	*08/07/2022*	*12:00*
Submission of stock list	*Vrydag*		
Voltooide voorraadlyste terugstuur	*Vrydag*	*26/08/2022*	*12:00*
Completed stock list returned	*Friday*		
Balans van depositogelde betaalbaar	*Vrydag*	*26/08/2022*	*12:00*
Balance of deposit payable	*Friday*		
Plakkers word per Postnet gestuur	*Vrydag*	*30/09/2022*	*12:00*
Labels posted via Postnet	*Friday*		
Plakkers gereed om afgehaal te word	*Maandag*	*Vanaf 03/10/2022*	*12:00*
Labels ready for collection	*Monday*		
Sperdatum vir veranderinge aan plakkers	*Vrydag*	*14/10/2022*	*12:00*
Final date for changes to labels	*Vrydag*		
Uitpak	Woensdag	*26/10/2022*	*09:00-17:00*
Unpack	*Wednesday*		
Uitpak	*Donderdag*	*27/10/2022*	*09:00-17:00*
Unpack	*Thursday*		
Oppak	*Saterdag*	*05/11/2022*	*16:00-18:00*
Pack up	*Saturday*		
Oppak	Maandag	*07/11/2022*	*09:00-17:00*
Pack up	*Monday*		
Uitbetaling van verkope per EFT	Vrydag	*18/11/2022*	*24:00*
Payment of your sales via EFT	*Friday*		
Uitstuur van state per e-pos	Maandag	*22/11/2022*	*24:00*
Sending of your statements via email	*Monday*		

B. KOMMISSIE OP VERKOPE / *COMMISSION ON SALES:*

17%

Kommissie word op al u verkope gehef.
Commission is charged on all your sales.

Jou produkpryse moet die 17% kommissie reeds insluit.
The prices of your products must already include the 17% commission.

Die kommissie, sowel as alle ander uitstaande gelde soos: plakkersfooie, postnetfooie, tafel- en kragpuntfooie (indien nie reeds betaal nie) of enige uitstaande fooie, word van u totale verkope afgetrek en die balans word **per EFT** direk in u bankrekening inbetaal.
'n Volledige staat word ook per e-pos aan u gestuur op die datum soos op Tabel A aangedui. **Geen uitsonderings kan ongelukkig op bostaande reëling gemaak word nie en u word vriendelik versoek om asseblief ook nie voor hierdie datum navrae of versoeke aan ons finansiële beampte te rig nie.**

*The commission as well as all other outstanding fees such as: labels, Postnet, table and power point fees (if not already paid) or any outstanding amounts, will be deducted from your total sales and the balance will be paid directly **via EFT** into your bank account.*
A complete statement will also be emailed to you on the date as indicated in Table A. ***Unfortunately no exceptions can be made to the above arrangement and you are kindly requested not to forward any queries or requests to our financial officer before this date.***

C. UITSTALRUIMTE / *EXHIBITION SPACE*:

Die uitstalruimte is **1,9 x ,8 m** groot en word teen **R500 per ruimte** verhuur. Indien u twee spasies huur, kan u aandui of u 'n diepspasie, 'n langspasie, 'n hoekspasie, 'n tafel teen 'n muur of 'n tafel teen 'n afskorting van draad vir hangplek benodig. Ons probeer ons bes om met die saaluitleg aan almal se versoeke te voldoen, maar dit is ongelukkig nie altyd moontlik nie.

*Our exhibition space is **1,9 x ,8 m** big and can be hired at **R500 per space**. If you hire two spaces, you can give an indication if you would prefer a deep space,* *a long space,* *a corner space,* *a table against a wall or a division made of wire to hang products on. Although we try to accommodate all exhibitors' preferences, it is unfortunately not always possible.*

D. HUUR VAN STAALTAFELS / *RENTAL OF STEEL TABLES*

Dit is 'n **fisiese tafel wat jy @ R150/tafel** huur. Daar is beperkte tafels, die eerste uitstallers wat dus hulle R150 per tafel betaal, sal voorkeur kry.

*This is a **physical table that you hire@ R150/table**. There is a limited number of tables, so the first exhibitors who pay their R150 per table will get preference.*

E. KRAGPUNT / *POWER POINTS:*

'n Kragpunt sal R100 vir die duur van die mark beloop. Daar is beperkte kragpunte— aan die eerste uitstallers wat registreer en betaal, sal 'n kragpunt toegeken word.

A power point will be R100 for the duration of the market. *There is limited number of power points - the first exhibitors who register and pay will receive a power point.*

F. KEURING / *SCREENING*

Keuring geskied slegs d.m.v. goeie, kwaliteit digitale foto's van elke soort van jou produkte. Ons versoek elke uitstaller (bestaande en nuut) om asseblief een foto van elke soort produk in die korrekte verpakking, met die produk se benaming en prys saam met jou registrasievorm te voorsien.

Selection takes place only via good quality photographs of your products. We kindly request that each exhibitor (previous as well as new) send us a good, quality digital photograph of one of each kind of your products in its correct packaging, with the product's name and price, along with your registration form.

G. BEMARKING / *ADVERTISING:*

Ons doen alles in ons vermoë om die mark so goed as moontlik te bemark deur van verskeie soorte media gebruik te maak. Ons vra egter ook u hulp en samewerking hiermee. Vertel asseblief vir u vriende van ons mark en wanneer ons 'n e-pos- en WhatsApp-advertensie uitstuur, vra ons dat u dit asseblief ook verder na mense sal versprei.

We do everything in our power to advertise the market as best as possible using various types of media. However, we also ask for your assistance and co-operation in this regard. Please tell your friends about our market and when we send out an email and WhatsApp ad, we politely request that you please distribute it to other people as well.

H. DEPOSITO / *DEPOSIT:*

'n **Verpligte deposito van R250, om u plek te bespreek,** moet asseblief tesame met die instuur van jou registrasievorm per EFT betaal word. In die geval waar 'n uitstaller se produkte nie gekeur word nie, sal die deposito binne 'n week na die keuringsdatum in jou rekening terugbetaal wees. In die geval van kansellasie is die deposito nie terugbetaalbaar nie.

A mandatory deposit of R250 to ensure your place, *must be paid on the same day you submit your registration form via EFT. In the event that an exhibitor's products are not approved, the deposit will be refunded to your account within one week of the screening date. In the event of cancellation, the deposit is non-refundable.*

I. BANKBESONDERHEDE / *BANKING DETAILS*

Rekeningnaam / Account Name: NG Kerk Hartbeespoort
Bank: ABSA
Takkode / Branch code: 334 - 146
Rekeningnr / Account number: 0640 580 364

Belangrik: Gebruik asseblief u van, voorletters en KK-nommer as verwysing.
Important: Please use your surname, initials and KK-number as reference.

J. EXCELVOORRAADLYS / *EXCEL PRODUCT LIST*

U ontvang u Excelvoorraadlys eers nadat die keuring afgehandel is.
Die Excellys moet **volledig in hoofletters** ingevul word. Rond alles syfers tot die naaste rand af - geen sente nie.
Jou Excellys moet ons per e-pos voor of op die datum soos aangedui op Tabel A, bereik.
Indien u nuwe produkte by u reeds goedgekeurde voorraad wil byvoeg, nadat jy reeds jou Excellys ingestuur het, moet jy asb eers 'n foto en prys van die produk per e-pos vir keuring voorlê.

Die res van u registrasiegelde is ook nou betaalbaar, asseblief.

You shall only receive your Excel product list after the screening has been done.
Your Excel list must be ***completed in full in capital letters. Round all prices to the nearest rand—no cents.***
Your excel list must reach us via e-post by the date as given on Table A.
If you wish to add extra products on your Excel list apart from your already screened products, you have to provide us with a photo of the product and its price via email to be screened.

The outstanding amount of your registration fee must be settled now please.

K. PLAKKERS/ *LABELS*

1. Alle plakkers word deur ons adminkantoor gedruk en voorsien. **Geen uitsonderings kan ongelukkig gemaak word nie.**

   All labels are printed and provided by our admin office. ***No exceptions can unfortunately be made.***

2. Die eerste 100 is gratis, daarna kos ‘n plakker 10c.

   The first 100 labels are free, thereafter labels costs 10c each.

3. Plakkers moet asseblief nie bo-oor vorige ou plakkers geplak word nie—ons skandeerders kan dit dan nie lees nie. **Verlede jaar se ekstra plakkers kan ongelukkig nie gebruik word nie, want die strepieskodes verander jaarliks.**

   We would like to ask that you do not attach our labels over any old labels - our scanners will not be able to read them. ***Unfortunately, last year's extra labels cannot be used, as the bar codes change every year.***

4. Maak seker dat jou plakkers nie afval nie - gebruik ‘n karton met ‘n gaatjie daarin gedruk en plak jou plakker daarop. Bind dit met ‘n toutjie aan die item vas, om te verseker dat die skandeerder die plakker kan lees.

   Make sure your labels are secure and do not fall off - use a cardboard tag to help ensure the scanner can read the label.

5. Indien ‘n produk nie ‘n plakker op het nie, of die plakker kan nie deur die skandeerder gelees word nie, word ‘n **algemene kode van die Kersmark met ‘n prys gebruik** om die “spookitem” te skandeer.

   If a product does not have a label on, or the label cannot be read by the scanner, a general ***Market label with the same price*** *will be used to scan the item making it a ghost item.*

6. **Produkte moet asseblief kort en kragtig, maar beskrywend op jou Excelvoorraadlys neergeskryf word, sodat dit ons kan help om produkte wat, sonder ‘n plakker by die betaalpunt uitkom, te kan identifseer. Ons probeer ons bes om elke uitstaller te help, maar as daar net op die plakker “item” of “DG 169” gedruk is, kan ons nie die item identifiseer nie. Ons vra u vriendelike, dog dringende samewerking in dié verband asseblief.**

   Please ensure that products’ descriptions are short and descriptive on your Excel product list. In this way it can help us identify products that arrive at the checkpoint without a label and prevent ghost items, which then go against the general Market code. We try our best to help every exhibitor, but if only “the item" or "DG169” is printed on the label, we cannot identify the item. We politely request your co-operation in this regard please.

7. ***Plakkers wat per Postnet gekoerier word, se "tracker"-kode word aan elke uitstaller, nadat ons dit gepos het, per sms of WhatsApp gestuur. Maak asseblief seker dat jou selfoonnommer op die registrasievorm korrek is, want Postnet skakel jou wanneer jou plakkers by hulle gearriveer het.***

   Postnet's tracker code is sent to each exhibitor via sms or WhatsApp, after we have posted them. Please make sure that your cellphone number on the registration form is correct, because Postnet will contact you when your labels have arrived.

8. **Maak ook asseblief seker dat ons die korrekte naam, voorstad en kode van die Postnet het.**

   Be sure that you have given us the correct name, suburb and code of the Postnet to which your labels should be sent.

9. Indien 'n egpaar, of vriendinne wat dieselfde Postnet gebruik wil spaar deur die plakkers in een koevert te stuur, moet 'n e-pos asseblief voortydig na ons gestuur word om te vra dat dit so gedoen moet word.

   If a couple or friends (two different exhibitors) want to use the same Postnet parcel, please forward an email address with your registration to request that it be done.

10. Ons poog dat: **a.** die plakkers met Postnet (teen u koste verhaal), op die datum, soos op Tabel A, gepos word en **b.** plakkers wat afgehaal moet word op die datum soos op Tabel A, gereed is.

    *We aim that: **a.** labels being couriered by Postnet at your cost, will be posted on the given date as indicated in Table A and **b.** labels being collected by the exhibitor can be collected on the dates indicated in Table A.*

11. Indien daar foute met u plakkers is, is die laatste datum vir verandering, soos vervat in Tabel A. Indien foute deur die kantoor gemaak is, sal die plakkers gratis oorgedruk word, maar indien die fout op u Excelvoorraadlys was, sal die kostes van u verkope verhaal word.

    If there are any errors with your labels, the last date to inquire is indicated in Table A. If mistakes are made by the office, the labels will be printed free of charge. However if the error was on your Excel product list, the costs will be recovered at your expense.

12. Daar sal in noodgevalle slegs tussen 8:00 en 9:00 ekstra plakkers tydens die mark gedruk word en dan moet die inligting reeds die vorige aand per WhatsApp na Angie (079 653 3357) gestuur word, asseblief.

    If extra labels are needed during the market, they can only be printed between 8:00 and 9:00. Please forward the request for extra labels to Angie (079 653 3357) the night before.

L. VOORRAAD/ *PRODUCTS*

1. **Dit is 'n uitpakmark:** Dit beteken dat u nie voltyds hier hoef te wees nie. U kom pak u produkte op een van die uitpakdae uit en vir die duur van die mark, vul ons span u tafel met produkte aan en hou u op hoogte van u daaglikse verkope.

   ***It's an unpacking market:** This implies you do not need to be here at all times. You will unpack your products on one of the unpacking days and for the duration of the market, our team will fill your table with products and keep you informed regarding your daily sales.*

3. Daar is ongelukkig nie hulp of trollies beskikbaar nie—u moet asseblief self iemand bring om te help uitpak en om swaar artikels te dra.

   Unfortunately, no help or trolleys are available to unload you products — please bring someone to assist you in unpacking and carrying heavy items.

4. **Daar word van elke uitstaller verwag om genoeg voorraad vir die volle lengte van die mark te voorsien en indien ons u skakel, omdat 'n sekere produk min raak, word daar van u verwag om asseblief dan nog voorraad binne 24 uur te bring. Indien u ver woon of terselftertyd by 'n ander mark betrokke is, moet u asseblief toesien dat u genoeg voorraad beskikbaar het en saambring. Indien u ons nie van voorraad kan voorsien nie, behou ons die reg voor om u tafelspasie aan 'n ander uitstaller te gee.**

   Each exhibitor is expected to provide enough stock for the duration of the market and if we call you, because a certain product is getting low, you are expected to kindly bring more stock within 24 hours. If you live far away or are exhibiting at another market simultaneously, please ensure that you have enough inventory available. If you cannot supply us with stock, we reserve the right to give your table space to another exhibitor.

5. U pak op uitpakdag u tafels vol—u tafels moet asseblief met mooi tafeldoeke, wat tot op die grond hang, bedek word, want u bêre u ekstra voorraad onder die tafel. Ons het 'n uitpakspan, wat elke oggend alle tafels weer kom aanvul. Indien moontlik, vra ons dat alle voorraad in groot, plastiese kratte met 'n deksel onder die tafel gestoor word—dit verminder die kanse dat voorraad kan wegraak.

   Your tables are expected to be packed full on unpacking day - your tables must be covered with any pretty tablecloths that hang to the ground, because extra supplies are to be stored under the table. We have an unpacking team, stocking the tables every morning. If possible, we request that all extra stock be stored in large plastic crates with lids underneath the table — this reduces the chances of stock getting lost.

6. Ons stuur ook elke dag per indiwiduele WhatsApp, u vorige dag se verkope aan u. Indien u op 'n gegewe dag nie 'n WhatsApp kry nie, beteken dit daar op dié betrokke dag geen verkope van u produkte was nie.

   We also provide you with an individual WhatsApp each day, containing your previous day's sales. If you do not receive a WhatsApp on a given day, it means that there was no sales of your products on that particular day.

7. **Ons afsnypunt vir deelname aan die mark is verkope van R3 000 met 2021 se mark**. Indien u nie hierdie bedrag behaal het nie, mag u wel weer aansoek doen, maar dan moet dit met nuwe produkte wees of u verpakking moet dan verander en vernuwe. Die keuringskomitee behou die reg voor om sekere van u produkte te keur en ander af te keur.

   Our cut-off point for participation in the market is sales of R3 000 for the 2020 market. *If you have not achieved this amount, you may reapply, on condition that you offer new products or alter your packaging. The screening committee reserves the right to allow some of your products, but also to disallow some from being exhibited.*

8. 'n Laaste, dog dringende versoek: **indien u enige veranderinge wil aanbring, nadat u, u registrasievorm en excellysvoorraadlys ingestuur het of spesiale versoeke wil rig, stuur asseblief 'n E-POS met die veranderinge of versoeke.** Dit help dat ons alles swart op wit het—ons open vir u elkeen 'n digitale lêer met al u e-posse in en so kan ons dadelik opvolgwerk doen, indien daar 'n probleem is of u 'n navraag oor iets het. Dit vergemaklik ook ons kontrole om seker te maak dat ons aan al u versoeke voldoen. Telefoonversoeke gaan dikwels verlore, omdat klein papiertjies so maklik in die proses verlê word of verlore raak.

   Last, urgent request: ***If you wish to make any changes after submitting your registration form and excel product list or making a special requests, please send it via an E-MAIL.*** *It helps that we have everything in writing. We open a special, digital file for each exhibitor, containing emails from and to you, so that we can follow up immediately if there is a problem or you have a query about something. It also simplifies our control to ensure we comply with all your requests. Phone requests are easily misunderstood or forgotten.*